NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A LETTERKUNDE DRAMA

## VRAAG 1 *Die dag is bros* deur Wessel Pretorius

***LW:*** **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

- **Eie, gepaste titel** wat die kandidaat se siening vasvang. (Die titel is opsioneel – m.a.w. as kandidaat geen titel gegee het nie, mag hulle nie benadeel word nie. Dit is egter tog 'n aanbeveling.)

**Inleiding:**

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en dramaturg** te verwys, bv. *In Wessel Pretorius se drama* <u>Die dag is bros</u> *[onderstreep in handgeskrewe teks] (2017) ...*
- **Formuleer betoog** *... is Tertius, omdat hy vermoor is, eerder vir Elsa 'n struikelblok as 'n vorm van emosionele ondersteuning, terwyl Brian as "plaasvervanger" wel 'n emosioneel ondersteunde rol speel saam met Irma, haar versorger en vriendin.*
- Verwoord **hoofargument** n.a.v. beplanning.

**Paragrawe:**

- Verskillende argumente word hier aangevoer wat die hoofargument (wat in die inleiding aan bod gebring is) ondersteun.

In elke paragraaf word 'n argument bespreek – ondersteun met verwysings na en/of aanhalings uit die drama. (Opskrifte slegs as hulpmiddel vir nasieners.)

**Moontlike** argumente wat aangevoer kan word:

**Tertius se dood**
- Tertius se dood is die rede waarom Elsa in die eerste plek enige vorm van emosionele ondersteuning benodig.
- Sy sukkel om Tertius se dood te aanvaar en daarom is sy emosioneel só onstabiel, dat sy besoeke van Tertius ontvang en daaraan vasklou, soos wanneer Tertius op bl. 25 vir haar sê dat Brian of Irma enige oomblik daar gaan aankom en sy sê: "Gee my nog net vyf minute saam met hom. Asseblief? Ek mis dit so baie."
- Wanneer Tertius haar probeer herinner aan die dag van sy dood en die realiteit daarvan, begin sy op hom skree: "Hou op, Tertius, ek smeek jou! Here tog, ek vra jou om te stop. STOP!"
- As gevolg van haar verlange na Tertius, stem sy in om Brian, 'n seun wat sy van geen kant af ken nie, onder haar vlerk te neem – dus word sy as gevolg van haar hunkering na haar seun, nou geheg aan 'n vreemdeling.
- Wanneer Tertius op 'n latere stadium vir Elsa sê hy wil huis toe gaan, waar daar 'n kamer vir hom wag, sê sy: "Ek is nog nie reg nie. Jy hoort hier by my. Die lewe was onregverdig teenoor my. Ek verdien die troos."
- Tertius sê dan self dat hy die oorsaak van haar emosionele lyding is, wanneer hy antwoord: "Dít is nie troos nie, ou girl. Hierdie terugroep, hierdie vasklou is die eintlike lyding van verlies."
- As Elsa vir Tertius smeek om haar te help om die sneller te trek en vir Brian dood te skiet, kan sy hom nie meer sien nie, maar hy sê: "Ek sien vir jou. Ek staan agter jou."

Nadat Brian van die verhoog af loop, dui die toneelaanwysings aan dat Tertius homself versigtig los van haar draai en wegstap. Hy draai terug, glimlag en word dan geleidelik in donker gehul.

- Elsa se woorde: "Hy kom nie terug nie ..." is op Brian én Tertius van toepassing. Elsa ervaar uiteindelik bevryding van die smart wat sy ervaar het a.g.v. Tertius se dood en haar onvermoë om dit te aanvaar. Sy "vier" haar vryheid deur die kersies op die verjaarsdagkoek dood te blaas.

**Brian**

- Op bl. 40 verwys Irma na Brian wanneer sy vir Elsa sê: "... dan vertel ek hulle van hoe Brian by ons aangekom het op soek na maniere om 'n verskil te maak en jy iemand nodig gehad het om weer vir jou lig te skep in al daai donker ná Tertius se dood."
- Irma vertel ook van die oggend wat sy daar aangekom het en Brian besig was om Sheila Cussons vir Elsa voor te lees "... en jy sit en luister asof Mozart vir jou konsert hou. Met die grootste glimlag op jou gesig. Die verligting. Die besef dat die lewe kan aangaan, mag aangaan."
- Elsa erken ook aan Brian dat sy lief geword het vir hom die afgelope jaar en "... jy het my deur die donkerste tye van lewe gehelp. Jou geduld, jou humor, jou passies – jy het my gered."
- Uiteindelik is Brian dan ook die een wat vir Elsa verlossing bring deur die waarheid te vertel van daardie aand met Tertius se dood. Hy dwing haar om dit aan te hoor en in dieselfde asem vir Tertius te laat gaan – die grootste emosionele kruk (of hupstoot) wat sy nodig gehad het.

**Irma**

- Wanneer Elsa verwoed op Tertius begin skree om te stop nadat hy haar aan die dag van sy dood wil herinner, kom Irma ingehardloop en vra wat makeer. Elsa antwoord dat haar "kop raas". Hierna sê die spelaanwysings: "*Hulle staan vir mekaar en kyk. 'n Begrip flits tussen hulle."*
- Alhoewel Irma aanvanklik in 'n fisiese ondersteuningsposisie aangestel is, word sy ook 'n emosionele kruk vir Elsa – iemand wat gereeld saam met haar in haar persoonlike ruimte is en wat begrip het vir haar emosionele uitdagings. Irma is immers aangestel nadat Elsa probeer selfmoord pleeg het.
- Ons kan aflei dat Irma haar soms moed inpraat omdat sy op bl. 42 vir Irma sê: "Vorentoe, soos jy altyd sê, vorentoe."
- Daar word ook in die toneelaanwysings genoem dat Irma en Elsa saam lag (bl. 43).
- In die slottoneel vra Elsa vir Irma om haar te help om die kersies op die koek te pak. "*Hulle blaas die kersies dood* ..." en die drama eindig waar hulle mekaar omhels en stadig begin dans – hulle besef dat hulle op mekaar aangewese is en dui ook op die ondersteuning en onderskraging wat daar in hul vriendskap is.

**Slot:**

- Hoofpunte word saamgevat – **kom tot 'n eindbetoog**.
  *Elsa het beslis emosionele steunpilare/krukke nodig gehad nadat haar seun vermoor is en sy probeer selfmoord pleeg het. Haar grootste struikelblok was dat sy Tertius nie kon laat gaan nie en haar gesprekke met hom het nie emosionele vooruitgang/ genesing bewerkstellig nie. Die waarheid het. En dit het Brian uiteindelik vir haar gegee terwyl Irma deurlopend vir haar 'n vriendin en vertroueling was. Uiteindelik aanvaar sy Tertius se dood en laat hom gaan. Sy vergewe Brian, maar stuur hom weg. Sy en Irma dans, omdat sy die vreugde van 'n nuwe begin ervaar. Dus is dit duidelik dat Elsa voortaan sonder hierdie emosionele krukke oor die weg sal kom.*

## VRAAG 2 *Toekomsmens* deur Isa Konrad

***LW:*** **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

**Inleiding:**

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. In *Isa Konrad se roman* <u>*Toekomsmens*</u> *[onderstreep in handgeskrewe teks]*
- **Formuleer onderwerp:** ... *verdien die hoofkarakter, Kel de Jong, beslis die titel van held omdat hy uitdagings soos om (onder andere) op te staan teen die Nuwe Orde, aanvaar; hy doen wat nodig is om 'n krisis af te weer, soos toe hy vir Agnes in haar wêreld, in Berlyn, beskerm tydens 'n aanval; en ook omdat hy die beswil van sy medemens bevorder deur sy nuutgevonde vryheid vir eers op te gee om seker te gaan maak dat In-Grid nie lewens verwoes nie.*
- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

**Paragrawe:**

- Verskillende aspekte word bespreek.
- Elke paragraaf hanteer 'n aspek/raakpunt – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.

- Nadat sy ouers op 'n vroeë ouderdom sterf, moet hy verantwoordelikheid vir sy suster aanvaar.
- Kel bevraagteken die status quo van die Nuwe Orde.
- Hy maak homself kwesbaar ten opsigte van Agnes.

- Hy sien om na Adri as verledemens en sorg vir haar emosionele welstand deur haar deel van die huis volgens haar verwysingsraamwerk in te rig – met 'n TV, ou flieks en beddegoed.
- Hy ontwerp en programmeer vir In-Grid.

- Wanneer hy besef dat die Herinneringsfees katastrofies vir hom en Adri kan uitdraai, beplan hy 'n ontsnapping.
- Na sy afdanking laai hy alle data wat op tussenvlakke is af en stoor dit.
- Hy probeer met In-Grid kontak maak op die donkerweb.

- Hy beskerm Agnes tydens die aanval in Berlyn.
- Wanneer Agnes gevange geneem word en tronk toe gaan ter afwagting van haar doodsvonnis, versaak hy haar nie, maar bly by haar in haar tronksel, alhoewel die wete dat sy gaan sterf, vir hom uiters pynlik is.

- Hy ontsnap na die onsekerheid van die wêreld buite die grense van SA, sodat hy Adri kan red.
- Hy keer onmiddellik terug na Suid-Afrika toe, toe hy verneem dat In-Grid nou in beheer van die Nuwe Orde/nuwe bestel is.

IEB Copyright © 2024

- Hy staan op vir almal wat geïndoktrineer word deur die Nuwe Orde.
- Hy bevorder die natuur hierdeur omdat die wêreld van die Nuwe Orde onnatuurlik was – meer soos 'n kweekhuis – niks is natuurlik geproduseer nie.

- Hy plaas sy lewe op die spel deur nie op te daag by die Herinneringsfees nie, maar eerder landuit te vlug om sodoende vir Adri te red.
- Hy kry nuwe insig oor menslikheid en besef uiteindelik dat die liefde en om dinge te bevraagteken, die chaos van die lewe, beter is as die (Nuwe) Orde.
- Hy is die held wat uiteindelik vir Agnes terugbring na die hede en haar met haar familie en haar land van herkoms herenig.

- Kyk ook na enige ander relevante verwysings.

**Slot:**

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word of die kandidaat glo dat Kel de Jong, volgens die stelling/definisie wat gegee is, wel 'n held is.

**OF**

**VRAAG 3** ***Toekomsmens* deur Isa Konrad**

***LW:* Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

**Inleiding:**

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Isa Konrad se roman Toekomsmens [onderstreep in handgeskrewe teks]*
- **Formuleer onderwerp:** *... ervaar die leser Kel se groei, van eendimensionele karakter – vir wie die lyne tussen reg en verkeerd baie duidelik getrek is – tot 'n karakter wat sien hoe wreed die wêreld kan wees, maar ook leer hoe mooi die liefde is.*

**Paragrawe:**

- Verskillende aspekte word bespreek.
- Leerders kan wel besluit of hulle die opstel chronologies – volgens die gebeure – wil aanpak of volgens die vetgedrukte frases.
- Elke paragraaf hanteer 'n aspek/raakpunt – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.(Opskrifte slegs as hulpmiddel vir nasieners.)

**Lief en leed**
- Kel het sy ouers op 'n vroeë ouderdom verloor. Hy is ŉ weeskind en word aanvanklik geskei van sy suster.
- Hy moes op 'n vroeë ouderdom verantwoordelikheid vir sy suster, as verledemens, aanvaar.
- In-Grid, sy enigste werklike lewensvennoot/vriendin se ontvoering, laat hom besef hoe baie hy op In-Grid gesteun het en dat sy lewe nou baie meer onseker is.
- Kollega Busuko se afsterwe en die uitwerking daarvan op sy eggenote, laat Kel besef dat daar wel getreur mag/moet word oor die verlies van opregte liefde (soos hy eintlik moes treur oor sy ouers se dood) en dat die Nuwe Orde-leefwyse geen plek daarvoor het nie.
- Hy is ontsteld oor sy tydelike skorsing en hoe vinnig hy vervang is deur 'n jong offisier.
- Kel sien die surrogaatstelsel van die Nuwe Orde aanvanklik as 'n voorreg en 'n plig – genot is nie relevant in sy wêreld nie.
- Kel se beperkte emosies, logiese denke en streng dissipline laat hom meer meganies as menslik leef.

**Vind homself**
- Toe Adri aanbied om die houtkoffer in haar kamer te bêre, raak Kel emosioneel, maar hy kan die ervaring nie benoem nie.
- Hy ervaar vroeg reeds 'n beskermingsdrang teenoor Agnes.
- Deur Agnes verstaan/begryp hy meer oor Adri as verledemens.
- Hy besef dat sy laer rang en beperkte voorregte in die Nuwe Orde nie keer dat hy 'n gelukkiger lewe lei nie.
- Toe hy Agnes aan die dood moes afstaan, besef hy dat Cokisa Maya op 'n onnatuurlike manier moes rou.

IEB Copyright © 2024 

- Hy moes noodgedwonge, na jare, vir Adri vertrou.
- In hoofstuk 19 ervaar Kel vir die eerste keer in jare woede – 'n sterk emosie.
- In hoofstuk 22 kom Kel tot die besef dat hy al hoe meer vrae oor die Nuwe Orde vra soos die tyd van sy skorsing verbygaan.
- Kel besef ook dat Agnes se voorkoms 'n emosionele effek op hom het en hy beleef sy eie stem as warm – 'n ongewone gewaarwording. Sy laat hom ook lag – iets wat hy self erken hy selde doen.
- By Agnes het sy liggaam oorgeneem by sy rede en Agnes het dit liefde genoem.
- Kel besef dat sy verandering van 'n "koue vis" na iemand wat spontaan kan wees, emosies beleef en beide sy rasionaliteit en dierlike natuur kan erken, fisiese tekens op hom los – soos sy frons.

**Hoe meer was daar op die spel vir hom**

- Kel moet homself tot bedaring dwing wanneer hy besef dat hý verantwoordelik is vir Agnes wat in die masjien vasgevang is.
- Wanneer hy weer vir Agnes besoek deel hy haar mee dat sy verraai gaan word – Kel huil oor Agnes se lot.
- Kel kom tot die besef dat liefde in Agnes se tyd heeltemal anders is as in syne. Hy erken dat hy lief is vir haar.
- Op bl. 209 sê hy: "Maar ek besef nou skoonheid het net soveel te doen met chaos as orde."
- Wanneer hy in hoofstuk 30 van Agnes moet afskeid neem, "breek sy hart".
- Sy ervaring van woede en weerstand teen die maatreëls van die Nuwe Orde is vir hom net so vreemd as sy ervaring van liefde met Agnes.
- Kel besef hoe vasbeslote hy is om vir Adri te beskerm en sien uiteindelik dat hy sy lewe sal waag om haar veiligheid te verseker wanneer hulle ontsnap uit die grense van SA.

**Slot:**

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- *Uiteindelik, deurdat Kel menslike lief en leed beleef, vind hy homself ook in die proses en besef hy dat diep menslike emosie ook die grootsheid van verlies vermeerder.*

**OF**

## VRAAG 4 *Een of ander held* deur Zirk van den Berg

***LW:*** **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

**Inleiding:**

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Zirk van den Berg se roman* Een of ander held [onderstreep in handgeskrewe teks]
- **Formuleer onderwerp …** is daar drie sterk vrouefigure, naamlik **Isa Viitanen**, wat onkonvensioneel is, maar steeds haar waardes uitstraal, **Mesuvere Feinauer** met haar vergewensgesindheid (al is sy deel van die onderdruktes) en **Lisbeth Kamke** wat nie velkleur raaksien nie en vir almal omgee. Hierdie drie vroue kan elkeen in eie reg as "een of ander held" gesien word en het **elkeen op hul eie manier 'n invloed op Siegfried Bock se lewe gehad.**

**Paragrawe:**

- Verskillende aspekte word bespreek.
- Elke paragraaf bespreek een van die vrouefigure se goeie karaktereienskappe en optrede in die roman – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks. (Opskrifte is slegs as verwysingsraamwerk vir nasieners.)

**Isa Viitanen**

- Sy is die onderwyser op Hochnamib en bly in die skoolmeester se huis. Sy is 'n vrou met murg in haar pype en sorg vir fondse sodat die skooltjie kan voortbestaan. Sy het vir die skoolmeester se vriende in Berlyn geskryf, die mense wat Alvaus Luipert tydens die koloniale tentoonstelling ontmoet het en met wie hy later gekorrespondeer het, en hulle sover gekry om die skool te befonds sodat sy Luipert se werk kon voortsit (bl. 73).

- Sy straal positiewe waardes uit, maar is glad nie konvensioneel nie. Wanneer Siegfried besluit dat sy die beste kandidaat is om 'n skynverhouding mee te hê, om sodoende Von Jawlensky se stories oor hom en Lisbeth Kamke te weerlê, sê hy vir homself: "*Jy sal dalk jou humeur verloor met haar, maar jy sal nooit verveeld wees nie"* (bl. 70).

- Isa is 'n fanatiese leser en 'n dromer. Haar liefde vir lees is iets wat sy en Bock in gemeen het. Wanneer hy haar aan huis besoek in Hochnamib bring hy vir haar 'n boek as geskenk en sy sê sy "*is altyd dankbaar vir iets nuuts om te lees"* (bl. 73).

- Sy hou nie van mense wat nie die waarheid leef nie. Wanneer Bock haar probeer vlei deur te sê dat Mesuvere nie so mooi soos sy is nie, reageer sy: *"O, kom nou, Reiter Bock. Jy weet hoeveel waarde ek aan eerlikheid heg. As jy my guns wil wen, is valse vleiery nie die manier nie"* (bl. 75).

- Sy was 'n vertroueling en raadgewer vir Bock en *"hy het geleer om Isa se menings te respekteer".* Hy het ná Dudeck se aftrede werksake met haar bespreek en haar sienings selfs meer insigryk as Dudeck s'n gevind, veral omdat sy meermale maniere voorstel *"... om situasies te ontlont sonder om op enigiemand se tone te trap"* (bl. 76).

- Sy gee om vir ander en is simpatiek. Wanneer Bock haar inlig oor wat beplan word vir Hochnamib en dat hý, as polisieman, dit sal moet implementeer, stel sy voor dat hy 'n onderwyser moet word en saam met haar skoolhou. Wanneer Bock twyfel oor die toekoms, sê sy: "*Ek sal jou help. Ons sal 'n manier vind. Ons móét net.*"

- Isa Viitanen is 'n wyse, belese vrou met insig – in die liefde en die lewe – 'n ware heldin van daardie tyd.

**Mesuvere Feinauer**

- Mesuvere is 'n Herero en dus deel van die nasie wat die swaarste getref is deur die koloniale vergrype – die grootste deel van die Herero's is uitgewis. Sy is egter nie 'n konvensionele Herero-vrou nie en trek modern aan. Sy pas in geen sosiale struktuur in nie – nie by die Duitsers nie, al is haar man 'n Duitser, en nie by haar eie mense nie, want hulle is gekant teen die Duitsers en sy is met een getroud. "*Waarheen kan ek gaan? My mense is almal dood. Die wit mense weet nie wat om met my te doen nie"* (bl. 62). Sy is deel van die onderdruktes maar lewe egter, anders as ander, met 'n vergewensgesindheid. Siegfried wens hy kan haar uitvra daaroor: "*hoe dit voel om 'n Duitser se vrou te wees*, (want) *haar eie mense verwerp haar daaroor. Sy is nêrens welkom nie*" (bl. 90).

- Wanneer Bock haar saamneem na Hochnamib, vir haar eie veiligheid en omdat hy dit as sy plig beskou, neem sy onmiddellik 'n versorgende rol in. Sy berei etes voor en pak ook vir Siegfried en Traugott kos in wanneer hulle die gesteelde vee gaan soek. Sy bied ook reeds die eerste dag aan om voortaan buite te slaap – haar eie hut te bou. Wanneer sy die pale van 'n ou hut ontvang, skroom sy nie om self aan die werk te spring en self die grond skoon te maak, die groter klippe weg te rol en die gras en bosse uit te trek nie. Sy vat die pik, "... *gee 'n paar treë tot by die regte plek, plant haar voete wyd uitmekaar en swaai die stuk gereedskap,*" en kap 'n hap uit die grond.

- Sy is 'n baie mooi en saggeaarde vrou wat in haarself glo. Toe Bock haar alleen in haar en haar man se huis aantref, "*tree sy uit in die sonlig, die Hererovrou met die fier houding, 'n geweer gereed in haar hande*". Wanneer sy in Hochnamib bly, staan sy nie terug wanneer sy die misnoeë in die Duitsers se oë sien wanneer sy haar tuismaak aan die etenstafel nie. Inteendeel, sy toon simpatie teenoor Dehlinger wanneer hy haar vertel van sy dogter se tragiese dood en alhoewel Mesuvere amper ál haar mense aan die dood afgestaan het, vertroos sy vir Dehlinger en maak vir hom koffie.

- Mesuvere verkies om te lewe en nie wrokke te koester nie. Ten spyte van al haar swaarkry (bv. rowers wat hul plaas rot en kaal besteel het en haar verkrag het) bly sy positief – 'n ware grasieuse heldin.

**Lisbeth Kamke**

- Lisbeth Kamke is hardwerkend en boer self op die plaas wat haar man vir haar agtergelaat het. Bock let by die hof op dat die room wat sy aan haar hande gesit het "... *nie die tekens van harde werk wegsteek nie – die skraapmerkies, die gebreekte naels*".

- Sy het arm grootgeword en nog altyd geglo dat die wêreld aan ander mense behoort. Wanneer sy saam met Bock in die straat af loop, sê sy dis *"... so anders om in die openbaar te loop en nie soos die laagste wurm te voel nie"* (bl. 22). Wanneer Bock vir haar die geld gee wat hy by Stempsky geërf het, weier sy dit en sê dat sy, met die plaas wat haar man vir haar gelos het, "*meer (het) as waarvan ek ooit kon droom"* (bl. 25). Maar sy besef dan dat "*net soos wat jy sterk gestaan het in die aangesig van rampe, moet jy sterk staan in die aangesig van hierdie gelukslag"*.

- Sy is 'n ware vriendin vir Bock, want "*sy ken hom en is nog altyd aan sy kant"* (bl. 12), terwyl hy haar op sy beurt *menslik* (bl. 23) laat voel. Wanneer sy vir Traudl in die hotel raakloop en in gesprek tree, sê sy dat sy hom as "*'n wonderlike steunpilaar"* sien en as "*'n man van kaliber ... Goedbedoelend en geheel en al edel"* (bl. 37). Sy ag vriendskappe baie belangrik en ry ook na Hochnamib toe om vir Siegfried te waarsku dat iemand hom wil doodmaak. Wanneer sy in Hochnamib is, neem sy ook vir Isa Viitanen as vriendin aan en help vir Mesuvere om kos voor te berei.

- Lisbeth gee om vir ander en respekteer mense vir hul menswees. Vir haar maak ras nie saak nie. Sy beskou Eva Naruses as haar vriendin, ten spyte van die feit dat sy haar huisbediende is. Sy versorg haar en laat haar by haar in die bed slaap wanneer sy nie wel is nie. Sy ry ook met haar perd na Mordegai om hom te vertel dat Eva sy kind verwag. Wanneer Mordegai sterf, neem sy hom in sy huis in en pak takke en gras in die ingang sodat niemand by hom kan kom nie.

- *"Jy is Lisbeth Löwenstein, sê sy vir haarself. Onthou elke keer wat jy honger was, seergemaak of verneder. Onthou alles waarvoor jy geveg het, waarteen jy jou verset het, wat jy moedig verduur het"* – iemand wat met waardigheid baie swaarkry oorleef het en baie vir Bock en ander beteken het – 'n ware heldin.

**Slot:**

Hierdie drie vroue het elkeen 'n belangrike rol in Siegfried Bock se lewe vertolk en is elkeen 'n heldin in eie reg. Uiteindelik is dit Isa Viitanen wat die grootste invloed op Siegfried Bock se lewe het, omdat hy self besef dat hy 'n sielsgenoot in haar gevind het. Sy is ook die enigste mens vir wie hy 'n brief agterlaat *("omdat ek wil hê dat jy die waarheid oor my [moet] weet")* net voor hy Jager Orlam gaan ontmoet – met die wete dat hy dalk sal doodgaan. Hy sluit die brief af met die woorde: "*Onthou my".*

**OF**

**VRAAG 5** ***Een of ander held*** **deur Zirk van den Berg**

***LW:*** **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

**Inleiding:**

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Zirk van den Berg se roman Een of ander held* [onderstreep in handgeskrewe teks]
- **Formuleer onderwerp …** *word die hoofkarakter, Siegfried Bock, deurlopend gedwing deur* ***diegene wat hom goedgesind is, dié wat hom leed wil aandoen en ander wat bloot nie veel oor hom omgee nie en hom as laspos beskou****, om as karakter te groei en te verander.*

**Paragrawe:**

- Verskillende aspekte word bespreek.
- Elke paragraaf hanteer 'n aspek/raakpunt – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks. (Opskrifte is slegs as verwysingsraamwerk vir nasieners.)

**Diegene wat hom goedgesind is**

- Dr. Pitzer gaan bedank Bock en sê nadat Bock hom gevra het om die man met die koeëlwond te help, glo mense weer in hom as dokter. Hy **bemoedig** hom ook deur te sê dat hy glo Niedermeyer is skuldig aan die moord en **dat Bock net sy plig gedoen het en nie gefaal het nie**. Pitzer sê ook vir hom dat hulle twee eiesoortige mense is omdat hulle nie met die bondel saamloop nie.
- Lisbeth Kamke besluit **om Bock te ondersteun en by te staan** al word hy in die hofsaak beskuldig dat hy die oorsaak van haar man se dood is. Sy versorg hom ook na die Chaibis-stryd en is die een wat uiteindelik jaag om hom te gaan waarsku dat iemand (Jager Orlam) hom wil doodmaak.
- Wanneer Jager Orlam vir Mordegai sê dat hy nog nie 'n Duitser gesien het wat nie wil deel wees van wat die Duitse mag in die land doen nie, staan Mordegai op vir Bock en boet uiteindelik hiervoor met sy lewe wanneer Orlam hom dan met die geweerkolf slaan en hy agteroor val. **Mordegai het Bock minder soos 'n alleenloper/anderste tipe mens laat voel**, omdat hy besef dat hy iets van homself in Mordegai sien – 'n soort edelmoedigheid. Hy weet dat die bestel se eise en sy eie onvermoë om dit te bowe te kom, sy edelmoedigheid weggeneem het. Tog bewandel Mordegai die aarde met ootmoed en waardering.
- Isa Viitanen en Siegfried het 'n opregte vriendskap ontwikkel en sy het vir hom 'n **ware vertroueling** geword.
- Mesuvere Feinauer is vir Bock 'n **vergestalting van vergewensgesindheid** wanneer sy hom versorg en hy haar vra hoe sy dit kan doen nadat sy mense haar mense doodgemaak het en sy vir hom sê dat sy baie woede gehad het, maar besluit het om die woestyn te verlaat sodat sy kan lewe.

IEB Copyright © 2024

**Diegene wat hom leed wil aandoen**

- Jager Orlam sien in die koerant dat Bock as 'n held beskou word – **hy wil wraak gaan neem deur Bock te vermoor** omdat hy oortuig is dat Bock verantwoordelik is vir sy leermeester, Alvaus Luipert, se dood.
- Wanneer hy uiteindelik in Hochnamib arriveer en besef dat sy ouers nie meer daar is nie, is hy n**og meer gedetermineerd om Bock te laat boet.**
- Wanneer Bock uiteindelik gaan om Jager Orlam te ontmoet, doen hy dit sonder 'n geweer. Ons raak al hoe meer bewus van die feit dat Siegfried Bock die mens wil laat seëvier en nie soseer 'n spesifieke groep nie. **Bock besef dat hy Jager Orlam se slagoffer moet wees om sodoende te bewys dat elke individu in sy eie menswees belangrik is** en dat verskeie kulture in 'n land saam sal kan voortbestaan.

**Diegene wat hom as 'n laspos beskou**

- Gert Dehlinger sou eintlik wou sien dat Niedermeyer as moordenaar skuldig bevind word, maar omdat Bock dan as 'n held beskou sou word, is hy bly dat die aanklag gefaal het. Dehlinger sien Bock as 'n swakkeling (hy het hom in Berlyn geken). Hy hou niks daarvan dat Bock sy dogter wou troos toe haar verloofde sterf nie en hy versoek dat Bock na die oorlogsveld gestuur moet word, sodat hy nie meer by sy dogter kan kuier nie. Uiteindelik is dit 'n gesprek met Dehlinger, wanneer hy vir Bock vertel van Traudl se dood en Bock hom om verskoning vra vir alles wat hy verkeerd gedoen het én hom ook bedank dat hy hom Hochnamib toe gestuur het, wat ons laat besef dat **Bock besig is om vrede in homself te vind.** Wanneer Dehlinger die laaste oggend in Hochnamib wakker word, besef hy dat Bock hom eintlik baie goed van sy taak kwyt by hierdie ver buitepos en **Dehlinger sê vir homself dat Bock dalk nie so sleg is nie**.

- Oberleutnant Berghammer was destyds Bock se bevelvoerder in Duitsland en het hom ook later weer in Suidwes-Afrika teëgekom (waarheen hy hom gestuur het). Berghammer het in beide gevalle onsmaaklike voorvalle/ongerymdhede beleef waarvoor hy Bock blameer. Hy word na die hofsaak as verteenwoordiger van die militêre gesag na Hochnamib gestuur om seker te maak dat Bock nie meer die polisie daar mag verteenwoordig nie. Stauffacher (verteenwoordiger van die goewerment) sien Bock as 'n administratiewe probleem omdat hy nie die nodige militêre ervaring het om aan die Landespolizei te behoort nie en as gevolg van die hofgebeure die vertroue in die polisie en siviele administrasie negatief beïnvloed. Bock weet dat hy 'n pion in die Duitse mag is, en hy weet dat hulle die land heeltemal wil opeis. Ten spyte van Dehlinger en Berghammer se besoek aan hom in Hochnamib, om iets te kry om hom oor te stenig, is dit **vir Bock belangriker om aan te hou om sy werk as polisieman te doen omdat hy geregtigheid wil laat geskied**. Berghammer besef dat as Orlam vir Bock wil doodmaak, dit beteken dat Bock nie die soldate verraai het nie. Hy is dan verlig, omdat **hy reeds begin vermoed het dat die Bock nie so slegte mens is as wat hy gedink het nie.**

- Bock is egter ook sy eie grootste vyand. Kort na Niedermeyer onskuldig bevind is, lê Bock in sy bed en sien homself as iemand swak en kleinsielig en iemand wat nie respek waardig is nie. Hy weet dat hy kleiner as ander mans is, minder aantreklik en minder vaardig en dalk nie so slim soos sekeres nie. Maar uiteindelik **help dit hom in sy groei as karakter omdat hy vasbeslote was om altyd die beste te wees in alles wat hy aanpak. Hy kom ook uiteindelik self tot die besef dat hy eers vrede met homself moet maak, voordat hy vrede met Isa Viitanen en met die liefde kan maak.**

**Slot:**

- Hoofpunte moet saamgevat word. Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word watter karakter en gebeurtenis die grootste impak op hierdie groeiproses gehad het.
- *Aan die begin van die roman, wil Siegfried Bock graag as 'n held gesien word, wanneer hy 'n moordenaar vastrek. Aan die einde van die roman loop hy sy teenstander en die dood oop en bloot tegemoet – maar hierdie keer is dit nie omdat hy dink dit sal van hom 'n held maak nie, maar omdat hy glo dat dit is wat 'n eerbare mens moet doen.*
- Leerder se opinie oor watter karakter die grootste impak op Bock se positiewe groei gehad het, word genoem.

IEB Copyright © 2024 

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## VRAAG 6 NASIENRIGLYNE BY DIE SKRYF VAN 'N REDAKTEURSBRIEF

Die redakteursbrief is die hoofartikel wat deur die redakteur van ŉ tydskrif geskryf word. Dit lewer kommentaar oor een of meer sake wat in die publikasie gedek word. Dit kan die subjektiewe opinie of standpunt van die redakteur bevat. Dit kan wel verskillende perspektiewe op sake aandui.

- Spesifieke detail volgens vraag (hier die redakteursbrief vir tienertydskrif volgens gegewe voorblad).
- Die inleiding gee 'n duidelike aanduiding van waaroor die kommentaar gaan.
- Die inhoud word in logiese, samehangende paragrawe verdeel.
- Die teikengroep moet in gedagte gehou word.
- Lesers moet inspireer word om artikels in die tydskrif te gaan lees.
- Staaltjies of inspirerende waarnemings of lewensfilosofiese insigte maak hierdie tipe skryfstuk ryker.
- Aanhalings kan gebruik word.
- 'n Prikkelende opskrif moet verskaf word wat 'n aanduiding gee van die inhoud – wees skerp met woordspel, idioomverbuigings, alliterasie.
- 'n Redakteursbrief word onderteken deur die redakteur.

**Styl en toon:**
- Geselstrant, maar wil tog lesers inspireer om res van tydskrif te lees.
- Die styl is gewoonlik skerpsinnig en bevat stylfigure soos ironie, sarkasme, retoriese vrae, ens. om die skrywer se standpunt oortuigend oor te dra.

[Bron: Maretha Potgieter]

## VRAAG 7 NASIENRIGLYNE by RESENSIE

**Doel:**

- Om in te lig.
- Om jou mening oor 'n saak te gee.
- Om te vermaak.
- Om mense op te voed.
- Om verbruikersveiligheid te verseker/verbruikers te waarsku.

**Die volgende inligting moet êrens in die resensie verskyn:**

- *Wie/wat/waar/wanneer/waarom* en *hoe?*
- Stylwenk: Werk dié inligting in die "berig" in *óf g*ee hierdie inligting boaan resensie.
- Hou deurentyd in gedagte dat dit 'n tienertydskrif is.
- Openingsin: Kry die leser sover om die res van die resensie te lees, m.a.w. betrek die leser.
- Volg openingsin met 'n presiese/pittige beskrywing van dit wat hierdie album uniek/'n belewenis maak. Hier is die toon wat aangeneem word baie belangrik: Resensente gaan reeds hierdeur wys of hulle dink dit is die moeite werd om te luister of beleef.
- Verduidelik mening – wees kreatief.
- Gee lesers 'n indruk van dit wat jy beleef het toe jy na hierdie album geluister het.

- Sluit 'n resensie af met iets wat lesers laat nadink (miskien dinge wat kenmerkend is van goeie musiek of 'n goeie samestelling van liedjies – maak lesers touwys oor dit wat belangrik is aan 'n goeie produk).
- 'n Goeie resensie gebruik keurige taal. Dit oortuig lesers dat hulle in goeie hande is as hulle die resensent se smaak/insig/raad volg.

- **STYL en TOON:** Die styl van die resensie sal bepaal word deur die teikenleser en skrywer se eie stem asook die waardeoordeel oor dit wat resenseer word. In hierdie geval is dit 'n "trefferalbum en 'n moet-luister-produk" so die resensie sal oorwegend positief en entoesiasties wees.

Belangrik:
- Daar lê baie mag in die ink van 'n resensent – mense se inkomste hang daarvan af. Eerlike, dog regverdige resensies is tops.

**OF**

## VRAAG 8 NASIENRIGLYNE BY ADVERTENSIEKOPIE (KEUSEVRAAG)

**Inhoud:** As jy enige soort skrywer is, of dit 'n kopieskrywer, iemand in openbare betrekkinge of 'n bemarkingskrywer is, sal jy gevra word om 'n advertensie op 'n sekere punt in jou loopbaan te skryf. *Advertorials,* ook bekend as langvormige kopie-advertensies in die digitale wêreld, is die teenoorgestelde van tipiese advertensies wat 90% visueel is en skaars enige kopie bevat.

**Doel:** Om lesers te oorreed om hierdie nuwe album af te laai op aanlyn platforms.

**Toon en styl:** Informeel, oortuigend, steeds goeie taalgebruik

- Jou **opskrif** moet interessant of uitlokkend of humoristies wees.
- Onthou, jy is besig met **oorreding.** Jy moet lesers 'n rede gee om 'n webwerf te besoek of die kliënt te e-pos of, in hierdie geval, die aanlyn album te koop.
- Die vrae: *Wat? Waar? Vir wie? Wat alles? Hoe?* moet beantwoord word.

**Gebruik foto's en illustrasies wys:** Help die foto's om die idee/produk te verkoop?
Moenie afgesaagde woorde/frases gebruik nie: Jy kan 'n briljante geskrewe advertensie skep wat die leser van die kop tot die laaste paragraaf sal lees, maar as jy skielik van frases gebruik soos, "koop nou hierdie produk vir slegs R99,99", word dit weer 'n tipiese verkooptegniek – 'n cliché.

**Totaal: 100 punte**

## DRAMA en ROMAN – Inhoudsmatriks: PUNT uit 20

## INHOUDSPUNT uit 20: Lees altyd van bo na onder om vlak/band te bepaal

| Vlak | Inleiding, aanhalings, gevolgtrekking bepaal plek binne band | % EN PUNT |
|---|---|---|
| 7+ | **JA!!! ALMAL MOET DIT LEES!** 'n Intelligente brein is hier aan die werk. Onderwerp en argument tot nuwe vlak van interpretasie verhoog. Skok van genot. Teoretiese kennis gesofistikeerd. **FANTASTIES!/UITSTAANDE!** | 90–100%<br>18–20 |
| | ***Inleiding:*** *skep grootse verwagtinge + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: oorspronklik en oortuigend geïntegreer + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke en dieper/oorspronklike insig + ½* | Bv. 18 + ½ + 0 + ½ |
| 7 | **JA! EK MOET HIERVAN ONTHOU!** Oorspronklik; verbeeldingryk; stem tot nadenke; baie goeie interpretasie van onderwerp; skerp insigte. Begrip van tekstualiteit. **WAARDIG/BAIE GOED** | 80–89%<br>16–17½ |
| | ***Inleiding:*** *skep afwagting + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: baie interessant en goed geïntegreer + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *toon dieper insig + ½* | |
| 6 | **JA! EK STEM SAAM!** Belowend, oortuigend, interessante interpretasie van onderwerp, nuwe perspektief, toon insig, maar tog nie genoeg vir Vlak 7 nie. **VERDIENSTELIK/GOED** | 70–79%<br>14–15½ |
| | ***Inleiding:*** *skep verwagting van goeie oortuigingsvermoë + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: goed gekies en geïntegreer in aanbieding + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke + ½* | |
| 5 | **JA.** Onderwerp begryp. Bogemiddeld, maar sonder sprankel en oorspronklikheid. Reproduksie van geleerde werk. **GEWOON/TOON SUBSTANSIE** | 60–69%<br>12–13½ |
| | ***Inleiding:*** *kandidaat neem standpunt in + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: ondersteun standpunt + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *noem hoe eie standpunt bewys is en onderstreep slotsom + ½* | |
| 4 | **JA ... WAT.** Inhoud korrek; dog oninspirerend. Wys potensiaal, maar nie ontwikkel nie. Begryp die onderwerp, maar onopwindend en soms onoortuigend. Voorspelbaar. **GANGBAAR** | 50–59%<br>10–11½ |
| | ***Inleiding:*** *vraagstelling herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: raakpunte met standpunt aanwesig + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *gevolgtrekking uit vraag herhaal + ½* | |
| 3 | **MMM, Ja, maar EK WEET DAREM NIE...** Idees baie voorspelbaar, tweedehandse respons (bv. volgens handleidings, maar misplaas). Onderwerp misverstaan en toon beperkte verbeelding. Min progressie van idees; swak argumentering; min bewys van beplanning. **ONDERGEMIDDELD** | 40–49%<br>8–9½ |
| | ***Inleiding:*** *verwys wel na vraag + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: aanwesig + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *Alhoewel nie volgens respons nie, wel volgens vraag + ½* | |
| 2 | **TELEURSTELLEND** Onoorspronklik; onrealisties; geen progressie van idees nie; foutiewe argumentering; onbeplan; verwarrend; respons verdien nie 'n slaagpunt nie. **ELEMENTÊR** | 30–39%<br>6–7½ |
| | ***Inleiding:*** *vraagwoorde genoem + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar, nie regtig sinvol nie + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *daar is 'n waarneembare einde + ½* | |
| 1 | **NEE!** Swak; tweedehands; kinderagtig/distorsie van teks; swak smaak; totale versinning; onverstaanbaar; verdien nie 'n slaagpunt nie. **ONGESLAAGD** | 15–29%<br>3½–5½ |
| | ***Inleiding:*** *waarneembaar + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *waarneembaar + ½* | |

| DRAMA: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **TEGNIESE AKKURAATHEID**<br>**STYL en STRUKTUUR:**<br>***ARGUMENTEREND*** | **7**<br>Taalbeheer uitstekend.<br>Woordeskat helder en gesofistikeerd.<br>Lengte perfek.<br>Byna foutloos. | **6**<br>Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe.<br>Uitdrukkingsvolle woordeskat.<br>Lengte gepas.<br>Netelige taalfoutjies. | **5**<br>Goeie sinskonstruksie.<br>Goeie woordeskat.<br>Lengte gepas Min taalfoute. | **4**<br>Sinskonstruksie redelik.<br>Woordeskat geskik.<br>Lengte kan pla.<br>Taalfoute begin betekenis beïnvloed. | **3**<br>Teenstrydige skryfwerk.<br>Woordeskat voorspelbaar of vol clichés.<br>Lengte pla.<br>Taalfoute pla. | **2**<br>Meestal onsinnig.<br>Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief.<br>Lengtevereistes is geïgnoreer.<br>Herhaaldelike taalfoute. | **1**<br>Onverstaanbaar.<br>Lengtevereistes is geïgnoreer.<br>Verwronge idioom. |
| **A+** Betogende styl versterk betekenis op uitnemende wyse.<br>Register perfek vir akademiese idioom.<br>Struktuur en samehang buitengewoon goed. | ***90–100%***<br>9–10 | 9½ | 9 | | | | |
| **A** Betogende styl ondersteun betekenis ten volle.<br>Register uiters gepas vir akademiese idioom.<br>Struktuur en samehang baie goed. | ***80–89%***<br>8½–9 | 8 | 7½ | | | | |
| **B** Betogende styl ondersteun betekenis.<br>Goeie uitdrukkingsvermoë.<br>Vloeiend.<br>Register goed en deurgaans volgehou.<br>Struktuur en samehang goed. | 8 | ***70–79%***<br>7½ | 7 | 6½ | | | |
| **C** Betogend, maar nie volgehou nie.<br>Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms. | 7½ | 7 | ***60–69%***<br>6½ | 6 | 5½ | | |
| **D** Neig tot oorvertel.<br>Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie.<br>Struktuur nie deurgaans duidelik nie.<br>Samehang minder geslaagd. | | 6½ | 6 | ***50–59%***<br>5½ | 5 | 4½ | |
| **E** Akademiese styl afwesig.<br>Slegs vertelling.<br>Cliché; herhalend.<br>Onvanpaste register.<br>Struktuur en samehang onduidelik. | | | 5½ | 5 | ***40–49%***<br>4½ | 4 | |
| **F** Slordig, onsamehangend.<br>Register totaal onvanpas.<br>Struktuur en samehang feitlik afwesig. | | | | 4½ | 4 | ***30–39%***<br>3½ | 3 |
| **G** Swak; deurmekaar; onleesbaar.<br>Geen struktuur of samehang te bespeur nie. | | | | | 3½ | 3 | ***0–29%***<br>0–2½ |

IEB Copyright © 2024

**ROMAN: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10**

| **TEGNIESE AKKURAATHEID** / **STYL en STRUKTUUR:** ***BEREDENEREND*** | **7** Taalbeheer uitstekend. Woordeskat helder en gesofistikeerd. Lengte perfek. Byna foutloos. | **6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe. Uitdrukkingsvolle woordeskat. Lengte gepas. Netelige taalfoutjies. | **5** Goeie sins-konstruksie. Goeie woordeskat. Lengte gepas. Min taalfoute. | **4** Sinskonstruksie redelik. Woordeskat geskik. Lengte kan pla. Taalfoute begin betekenis beïnvloed. | **3** Teenstrydige skryfwerk. Woordeskat voorspelbaar of vol clichés. Lengte pla. Taalfoute pla. | **2** Meestal onsinnig. Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief. Lengtevereistes is geïgnoreer. Herhaaldelike taalfoute. | **1** Onverstaanbaar. Lengtevereistes is geïgnoreer. Verwronge idioom. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **A+** Beredenerende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed. | ***90–100%*** 9–10 | 9½ | 9 | | | | |
| **A** Beredenerende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed. | ***80–89%*** 8½–9 | 8 | 7½ | | | | |
| **B** Beredenerende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed. | 8 | ***70–79%*** 7½ | 7 | 6½ | | | |
| **C** Beredenerend, maar nie volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms. | 7½ | 7 | ***60–69%*** 6½ | 6 | 5½ | | |
| **D** Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd. | | 6½ | 6 | ***50–59%*** 5½ | 5 | 4½ | |
| **E** Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik. | | | 5½ | 5 | ***40–49%*** 4½ | 4 | 3½ |
| **F** Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig. | | | | 4½ | 4 | ***30–39%*** 3½ | 3 |
| **G** Swak; deurmekaar; onleesbaar. Geen struktuur of samehang te bespeur nie. | | | | | 3½ | 3 | ***0–29%*** 0–2½ |

IEB Copyright © 2024 

## NASIENMATRIKS: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + styl, formaat, taalgebruik, woordeskat en register = 10)

| VLAK EN PUNT | | TRANSAKSIONEEL: INHOUD, DOEL en TEIKENGROEP (10) |
|---|---|---|
| **Vlak 7+<br>Uitmuntend<br>9,5–10** | ★ | **Inhoud** uitmuntend en volledig volgens opdrag.<br>**Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief, relevant, sprankelend.<br>Oorspronklike idees en pittige detail is uitstekend geïntegreer. |
| **Vlak 7<br>Baie goed<br>8–9** | ↓ | **Inhoud** baie goed en volledig volgens opdrag.<br>**Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief en relevant.<br>Interessante idees en detail dra by tot sukses van skryfstuk. |
| **Vlak 6<br>Goed<br>7–7,5** | ↓ | **Inhoud** gepas volgens opdrag. Relevant en volledig.<br>**Doel en teikenleser** nie heeltemal volgehou nie. Opdrag korrek uitgevoer.<br>Detail interessant. Diepte kom effens kort. |
| **Vlak 5<br>Verdienstelik<br>6–6,5** | ↓ | **Inhoud** bevredigend volgens opdrag.<br>Poging tot gepaste **doel** en inagneming van **teikenleser**. Af en toe steurende leemtes.<br>Enkele interessante idees, maar eie stem en diepte kom kort. 'n Gemiddelde respons. |
| **Vlak 4<br>Gangbaar<br>5–5,5** | ↓ | **Inhoud**: Kandidaat toon begrip vir opdrag.<br>Probeer **doel en teikenleser** in ag neem. Poging nie heeltemal geslaagd nie.<br>Respons baie gewoon en gemiddeld. Min sprake van eie stem en oorspronklikheid. |
| **Vlak 3<br>Ondergemiddeld<br>4–4,5** | ↓ | **Inhoud** eenvoudig en verbeeldingloos.<br>**Doel**: Poging om opdrag uit te voer nie heeltemal geslaagd nie. Min tekens van gepaste **teikenleser**.<br>Afgesaag. |
| **Vlak 2<br>Elementêr<br>3–3,5** | | **Inhoud** kom kort. Kandidaat het waarskynlik nie vraag en opdrag verstaan nie.<br>**Doel**: Opdrag nie korrek uitgevoer nie. **Teikengroep** geïgnoreer. Beperkte respons in die algemeen.<br>Kandidaat toon min insig in en kennis van opdragvereistes. |
| **Vlak 1<br>Ontoereikend<br>0–2,5** | | **Inhoud, doel en teikengroep** toon min/geen tekens van begrip van opdrag nie. Selfs onsinnig. Kandidaat is duidelik nie in beheer van hierdie afdeling van skryfwerk nie.<br>Kandidaat kan nie slaag nie. |

IEB Copyright © 2024

| TRANSAKSIONEEL: STYL, FORMAAT, TAALGEBRUIK, WOORDESKAT en REGISTER (10) | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ★ | | | | | | | | |
| | Styl uiters gepas, selfs innoverend.<br><br>Formaat absoluut korrek.<br><br>Hoogs gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies.<br><br>Woordeskat en register uitstekend gekies volgens opdrag. | Styl deurgaans gepas.<br><br>Formaat korrek.<br><br>Gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies.<br><br>Woordeskat en register baie goed gekies volgens opdrag. | Styl gepas volgens opdrag.<br><br>Formaat hoofsaaklik korrek.<br><br>Taalkonvensies goed gebruik. Taal en sinsbou hoofsaaklik korrek.<br><br>Register en woordeskat goed hoewel enkele foute voorkom. | Styl toon begrip vir opdrag.<br><br>Formaat meestal korrek.<br><br>Taalkonvensies en sinsbou toon soms foute.<br><br>Register en woordeskat toon foute, maar genoegsaam vir 'n gemiddelde respons. | Styl en toon nie genoegsaam volgens opdrag nie.<br><br>Formaat toon steurende leemtes.<br><br>Taal en sinsbou toon lastige foute (begin betekenis beïnvloed).<br><br>Register en woordeskat gewoon en algemeen. Heelwat foute. | Styl en toon dikwels foutief.<br><br>Formaat toon baie foute en/of meestal onvanpas.<br><br>Taal-, spel- en sinsbou swak.<br><br>Register en woordeskat dikwels onvanpas. | Styl en toon onvanpas.<br><br>Formaat onvanpas.<br><br>Min begrip van korrekte register, woordeskat en taalfunksies.<br><br>Ongeslaagd. | Styl en toon het geen verband met inhoud nie.<br><br>Formaat heeltemal foutief.<br><br>Geen begrip van korrekte taal- en/of register-konvensies nie.<br><br>Geen moontlikheid van 'n slaagsyfer nie. |
| **VLAK EN PUNT** | **Vlak 7+<br>Uitmuntend<br>9,5–10** | **Vlak 7<br>Baie goed<br>8–9** | **Vlak 6<br>Goed<br>7–7,5** | **Vlak 5<br>Verdienstelik<br>6–6,5** | **Vlak 4<br>Gangbaar<br>5–5,5** | **Vlak 3<br>Ondergemiddeld<br>4–4,5** | **Vlak 2<br>Elementêr<br>3–3,5** | **Vlak 1<br>Ontoereikend<br>0–2,5** |

**Lengte: 250 woorde** (Let op dat **lengtevereiste** deurgaans geld as deel van **formaat en styl**.) Indien lengtevereiste nie nagekom is nie, moet 'n **kategorieverskuiwing** gemaak word.

**TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10. Styl, formaat, taalgebruik, woordeskat en register = 10)**

IEB Copyright © 2024